WEBTUISTES

Graag wil ons weereens u aandag vestig op ons webtuistes

www.simmentalernamibia.org

www.simbranamibia.org

Dit is belangrik dat ons webblaaie aktief, lewendig en interesant bly vir ons telers en die publiek, ons lesers. Sonder u as teler sal dit onmoontlik vir ons wees om hierdie doelstellings te bereik.

Ons wil u versoek om inligting aan ons te stuur. Fotos is natuurlik baie belangrik, veral van mooi beeste en van simgebeure wat plaasvind.

Daar is die afgelope 3 jaar op elke vergadering versoeke gerig dat potensiele stoetbulle aan ons mede telers bekend gemaak moet word. Ons versoek dus weereens dat u die ID nommers met n mooi foto van bulle wat hoer as n 7 gepunt is aan ons te stuur. Die inligting sal ons dan op die webblad plaas.

SKANDERING

Indien u belangstel in die skanderingsprogram moet u asb u aantal diere wat u wil laat skandeer deurgee aan die kantoor. Inskrywings sluit 31 Januarie 2015. Die NSV stel n reisprogram op en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Vir kennisname, die Algemene Jaarvergadering sal plaasvind op 1 April 2015 om 10h00 te Windhoek.

6. SIMBRA BULLE OP VEILINGS

Die Simbra telers het op hul vergadering, 13 November besluit dat alle bulle vir veilings vanaf 2015 DNA getoets moet wees met vaderskap bepalings. Ons het n verantwoordelikheid teenoor ons kopers dat hulle die korrekte genetiese material aankoop. Haarmonsters moet aan Unistel by Kaapstad gestuur word en dit neem gemiddeld 3 weke om die uitslae terug te kry. Dna toetse kos N$ 142 en dit sluit ouerskapbepalings in. Telers word aangemoedig om betyds haarmonsters in te stuur.

7. SIMBRA BRANDMERK

Alle gekeurde Simbra bulle wat na 2012 gebore is sal vanaf 2015 met die Simbra merk op die linker blad gebrand moet word. Die brand is verpligtend en dien as waarborg dat die bul geregistreer is as n Simbra bul. Brandyster is bestel en sal beskikbaar wees einde Januarie 2015 en slegs vir die lede wat ysters by die kantoor bestel het. Telers word ook aangemoedig om bulle wat voor 2012 gebore is en wat kwalifiseer ook te brand.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER